



TORINGKERK

# HERFSTELIKE LYDENSTYD IN DIE BOLAND

**SES WEKE REEKS**

**7 MAART - 23 APRIL 2021**

Lydenstyd is 'n tyd van vas en diep introspeksie waar ons besin en nadink oor dit wat Jesus deurgegaan het en wat dit vir my en jou lewens beteken.

Lydenstyd in die Suidelikehalfrond is altyd in die herfs. Herfs is 'n tyd waarin die aarde dit 'n bietjie rustiger vat, op pad na die winter toe. Dis 'n tyd waar blare van die bome afval en 'n tyd van sterflikheid. Die aarde vas saam met ons op 'n manier Jesus se pad na die kruis.

## VROEGHERFS

Die jaar word ryp in goue akkerblare,  
in wingerd wat verbruin, en witter lug  
wat daglank van die nuwe wind en klare  
son deurspoel word; elke blom word vrug,  
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val  
so stilweg in die rook-vaal bos en laan  
dat die takke van die lang populiere al  
teen elke ligte môre witter staan.

O Heer, laat hierdie dae heilig word:  
laat alles val wat pronk en sieraad was  
of enkel jeug, en vér was van die pyn;  
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort  
my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas  
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

-Van Wyk Louw





---

# DAAGLIKSE EKSAMEN

---

## KYK TERUG OP JOU DAG

- Laat jou dag soos 'n film voor jou afspeel.
- Waar was jy vandag die meeste van God bewus?
- Waar het jy vandag God misgekyk?
- Waarvoor is jy vandag dankbaar?
- Rus vir 'n oomblik net in die here se teenwoordigheid.
- Skryf nou 'n paar gedagtes neer oor jou gebedservaring.

---

# LECTIO DIVINA

---

## REST (RUS)

Gaan sit vir 'n oomblik rustig. Sit jou selfoon af en gee die tyd vir die Here om deur Sy Woord met jou te praat.

Begin deur jou handpalms na onder te hou as simbool daarvan dat jy al jou bekommernisse oorgee aan God. Praat met God oor alles wat swaar op jou hart druk. Draai daarna jou palms na bo as teken van jou behoefte om van God te ontvang.

## READ (LEES)

Lees die teks rustig deur. Probeer verstaan wat jy lees. Moet egter nie vashaak by dinge wat jy nie verstaan nie.

## REFLECT (REFLEKTEER)

Lees die teks 'n tweede keer deur:

Lees luisterend, wagtend, om God se stem vir jou te hoor.

- Is daar 'n woord, beeld of sin wat vir jou uitstaan?

- Gaan "sit" in daardie woord, beeld of sin wat vir jou uitstaan en hoor wat die Gees vir jou wil sê. Bestee 75% van jou tyd aan hierdie "reflect".

## RESPOND (REAGEER)

In 'n kort gebed, antwoord op wat jy gehoor het. Skryf dalk neer wat jy gehoor het. (Jy sal nie elke dag iets hoor of iets nuuts hoor nie – dis normaal.)



**GEBED OM DAAGLIKS EN TYDENS  
GROEPBYEENKOMSTE MEE STIL TE WORD  
TYDENS LECTIO DIVINA**

Here Jesus,  
ons sien U uit die verte,  
oor die onmeetlike afstand van die tyd.  
Ons hoor U.  
Ons probeer U verstaan.  
Ons probeer begryp wie U is.  
Laat ons saam met U loop.  
U was op aarde anders as alle ander mense.  
Sterker en swakker.  
Grootser en geringer.  
U verkondig die eer van God,  
en skaar U by die veragtes.  
U bring die krag van God,  
én U is swak met die swakkes.  
U gee vryheid,  
en laat U bind met die gebondenes.  
U is God met ons.  
U verdedig die saak van die skuldiges.  
U skei waarheid en leuen ...  
U gebruik nie geweld nie  
en U deins nie terug vir opoffering nie.  
Laat ons met U saamloop,  
U vergesel.  
Gee ons lig uit u goedheid.  
Maak ons soos U  
- sodat ons waarlik mens kan word.  
Lewensmeester, in U sien ons wat menswees waarlik is.  
In u aangesig sien ons die aangesig van God.  
Waar U is,  
word die wêreld anders.  
Verander óns ook, Here!  
Maak van ons méense.  
Here, ons glo  
- kom ons ongeloof te hulp.

- Jorg Zink



---

**WEEK 1: 14 - 20 MAART**  
**JOHANNES 12:35-36**  
**LIG WAT LEWE**

---

**ONS ONTMOET MEKAAR**

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.  
Wat het jou ook veral uit laas week se erediens en nadenke geraak?

**ONS ONTMOET GOD**

Steek 'n kers aan op die tafel en bid saam die gebed op bl. 3. Lees die gedeelte eers hardop saam en dan elkeen rustig op hulle eie tyd.

**ONS DEEL MET MEKAAR**

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie. Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar hoor.
- Wat beteken dit om in die lig te lewe?
- Daar staan dat ons nie net in die lig moet lewe nie maar ook daarin moet glo. Wat dink julle is die verskil?
- Ons is nou in Lydenstyd en oor 3 weke gedenk ons Jesus se dood en vier ons Sy opstanding. Wat beteken hierdie lig vir jou te midde van ons herflike Lydenstyd en op pad na die kruis toe?
- Lees as groep die lied "Light of the world" van Tim Hughes saam op die volgende bladsy.

**ONS BID SAAM**

Sluit af deur saam te bid vir mekaar. Vra die Gees om elkeen te lei om in hierdie Lig te lewe, om te glo in hierdie Lig. Mag die Gees jou aanspoor om die wêreld wat tans baie verward en deurmekaar is te gaan verhelder met die Lig wat deur ons skyn.

## LIGHT OF THE WORLD

Light of the world  
You stepped down into darkness  
Opened my eyes, Let me see  
Beauty that made this heart adore you  
Hope of a life spent with you

Here I am to worship  
Here I am to bow down  
Here I am to say that you're my God  
You're altogether lovely  
Altogether worthy  
Altogether wonderful to me

King of all days  
So highly exalted  
Glorious in heaven above  
Humbly you came to the earth you created  
All for love's sake became poor

Here I am to worship  
Here I am to bow down  
Here I am to say that you're my God  
You're altogether lovely  
Altogether worthy  
Altogether wonderful to me  
I'll never know how much it cost  
To see my sin upon that cross

- Tim Hughes





---

**WEEK 2: 21 - 27 MAART**  
**JOHANNES 12:24-26**  
**SAAD WAT STERF**

---

**ONS ONTMOET MEKAAR**

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week. Wat het jou ook veral uit laas week se erediens en nadenke geraak?

**ONS ONTMOET GOD**

Steek 'n kers aan op die tafel en bid saam die gebed op bl. 3. Lees die gedeelte eers hardop saam en dan elkeen rustig op hulle eie tyd.

**ONS DEEL MET MEKAAR**

- Watter woorde staan vir jou uit? Herhaal die woorde in jou hart. Sien hoe die woorde jou lewe kan verander. Vertel mekaar hiervan.
- Wat wil hierdie gedeelte vir ons leer oor God se hart?
- Watter menslike eienskappe kom na voor in hierdie gedeelte?
- Die proses om aan jouself te sterf is nooit maklik nie. Dis baie keer verwarrend en pynlik. Maar Jesus belowe vir ons dat deur ons sterf aan onself ons vrugte sal dra. Glo en vertrou ons Jesus se belofte?
- Neem 'n oomblik en dink aan 'n tyd van sterflikheid in jou eie lewe. Dalk het jy 'n geliefde verloor of deur finansiële moeilikheid gegaan, dalk was/is covid vir jou 'n tyd van sterflikheid of verlies. Is daar dalk enige geskenke wat jy agtergekom het jy ook ontvang het in die tyd van sterflikheid of verlies? Deel dit met mekaar.
- Hoe laat hierdie jou dink aan die stelling dat daar lewe na die dood is selfs al hier op aarde?
- Die Here skenk vir ons nuwe lewe elke dag, hoe kan ons meer atent daarop wees om dit raak te sien?

**ONS BID SAAM**

Sluit af deur saam te bid. Kom ons vra die Here om ons te help om aan te hou om aan onself te sterf sodat Hy nuwe lewe in ons kan bewerk. Vra vir hom om elkeen ontvanklik te maak vir die geskenke van hoop en vrede wat ons ontvang te midde van die sterflike en verlies.



---

**WEEK 3: 28 MAART - 3 APRIL**  
**JOHANNES 12:12-19**  
**PALMTAKKE WAT PRYS**

---

**ONS ONTMOET MEKAAR**

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week. Wat het jou ook veral uit laas week se erediens en nadenke geraak?

**ONS ONTMOET GOD**

Steek 'n kers aan op die tafel en bid saam die gebed op bl. 3. Lees die gedeelte eers hardop saam en dan elkeen rustig op hulle eie tyd.

**ONS DEEL MET MEKAAR**

- Ons is nou in Groot Lydensweek en Vrydag vier ons Goeie Vrydag. Hoekom dink jy staan Vrydag bekend as "Goeie" Vrydag?
- Palmsondag is Jesus se grootste dag van aardse glorie en die skare gebruik palmtakke wat dien as 'n rooi tapyt. Die skare loof en prys die Here se naam, maar oor minder as 'n week word Jesus gekruisig. Wat het in hierdie skare verander van Palmsondag na Goeie Vrydag toe?
- Dis nou wel so dat hierdie skare besef het dat Jesus nie vir hulle die verlossing gaan bring waarvoor hulle gewag het nie. Hy bring 'n ander groter en alomvattende verlossing wat hulle nie wou gehad het nie. Dink julle ons is baie keer soos die skare? Ons jubel en juig as dit goed gaan, maar wanneer ons ons kruis moet optel en saam met Jesus die lydenspad moet stap dan sien ons nie regtig meer kans daarvoor nie?
- Hoe sou dit lyk as ons hierdie week bewustelik saam met Jesus die lydenspad sou stap? Wat kan jy doen om te wys dat jy nie wegstrem van dit wat Hy vir ons gedoen het nie? Deel gedagtes met mekaar.
- Lees die verhaal en woorde van die liedjie "Heart of worship" op die volgende bladsy saam deur.

**ONS BID SAAM**

Sluit af deur saam te bid. Kom ons vra die Here dat ons veral in hierdie Groot Lydensweek nie wegstrem van die emosies wat met hierdie week gepaard gaan nie, maar dat ons opnuut weer vervul sal word met die Gees en bewus sal wees van wat Jesus deur moes gaan. Maak ons nederig en dankbaar vir Sy genade.





## BACK TO THE HEART OF WORSHIP

In die laat 1990's was daar 'n gemeente in Engeland wat apaties begin raak het oor hulle geloof... Hulle musiek het oppervlakkig geraak en daar was min diepte in hulle geloofslewe. Die dominee het 'n baie dapper, onpopulêre ding gedoen: hy het opgehou om die band te gebruik om musiek te maak. Geen voorsangers of instrumente nie... Geen speakers en klanksisteme nie. Net mense en hulle stemme. Hy het die sang, die aanbidding gestroop van álles...! Hy het die gemeente herinner dat hulle nie VERBRUIKERS van aanbidding was nie; dat hulle nie gesing, ge"praise-&-worship" het vir hulleself nie. Dat aanbidding iets is wat 'n mens vir God géé...

Jy aanbid vir God! Daar het, tydens praise-&-worship tyd, ongemaklike stiltes gevolg, maar dit is met verloop van tyd gebreek deur gebede wat van die hart gekom het; mense wat spontaan begin sing het: liedere van aanbidding...Stadig maar seker het daardie gemeente God op 'n nuwe manier ontdek... Aanbidding het oor Jesus begin gaan. Uit die dieptes van hulle harte, maak nie saak wat hulle omstandighede was nie, het hulle Hom begin aanbid... Nie vir wat hulle kon kry nie, maar net oor wie Hy is en wat Hy vir hulle gedoen het...In daardie tyd is die lied "Back to the heart of worship" geskryf:

## BACK TO THE HEART OF WORSHIP

When the music fades  
All is stripped away  
And I simply come  
Longing just to bring  
Something that's of worth  
That will bless Your heart  
I'll bring You more than a song  
For a song in itself  
Is not what You have required  
You search much deeper within  
Through the way things appear  
You're looking into my heart

I'm coming back to the heart  
of worship  
And it's all about You  
It's all about You, Jesus  
I'm sorry, Lord, for the thing  
I've made it  
When it's all about You  
It's all about You, Jesus

King of endless worth  
No one could express  
How much You deserve  
Though I'm weak and poor  
All I have is Yours  
Every single breath  
I'll bring You more than a song  
For a song in itself  
Is not what You have required  
You search much deeper within  
Through the way things appear  
You're looking into my heart

I'm coming back to the heart  
of worship  
And it's all about You  
It's all about You, Jesus  
I'm sorry, Lord, for the thing  
I've made it  
And it's all about You  
It's all about You, Jesus.

-Michael W Smith



# OPSTANDINGSONDAG

---

**WEEK 4: 4 - 10 APRIL**  
**JOHANNES 20:1-18**  
**DOEKE WAT LÊ**

---

## **ONS ONTMOET MEKAAR**

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week. Wat het jou ook veral uit laas week se erediens en nadenke geraak?

## **ONS ONTMOET GOD**

Steek 'n kers aan op die tafel en bid saam die gebed op bl. 3. Lees die gedeelte eers hardop saam en dan elkeen rustig op hulle eie tyd.

## **ONS DEEL MET MEKAAR**

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie. Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar hoor.
- Kan jy dink aan 'n tyd wat jy soekend was, soos Maria in hierdie gedeelte? Waar die soeke en onsekerheid jou sommer angstig en hartseer gelaat het? Vertel mekaar hiervan.
- Maria herken nie dadelik vir Jesus nie en dink hy is die tuinier. Hy vra haar hoekom sy huil. Kan dit wees dat in tye van soeke en onsekerheid jy ook nie die Here in jou omstandighede raak gesien het nie? Wat kan ons help sodat ons oë sal oop wees vir die Here wat met ons is, wat vir ons Sy liefde en omgee bied?
- Jesus vra vir Maria "Vir wie soek jy?". Kan dit dalk die vraag wees wat die Here vandag vir jou ook vra? Waarna soek jy?
- Jesus roep elkeen van ons op die naam, net soos wat Hy Maria geroep het. Ons weet dit want Hy het opgestaan uit die dood. Hoe kan ons Hom op 'n daaglikse basis antwoord en in Sy lewendige teenwoordigheid leef? Gesels met mekaar daaroor.

## **ONS BID SAAM**

Sluit af deur saam te bid. Kom ons vra die Here dat ons sensitief sal wees vir sy stem en Hy wat ons name roep. Mag die Here ons help om ook in ons gebede stil te word sodat ons kan hoor wat Hy vir ons wil sê. En dank Hom dat Hy lewe en die dood oorwin het, dat dit beteken dat ek en jy nou al die lewe in haar volheid kan leef.



# GENADE

In die nanag  
vou die stilte  
tjaliesag om my  
dan weet ek  
eensklaps,  
skielik  
hoe maak Hy my bly

Hy dra my oor die driewe  
Hy steek my weg in Sy hut  
by Hom voel ek so veilig,  
so knus en so beskut

met Hom wil ek my paadjie  
huppeltrap en dans  
vir my is Hy 'n Rots,  
'n Vesting en 'n Skans

oor nanagdrome en vrese  
oor seerkry en verlang  
oor lekkerlag en liefhê  
sing ek my jubelsang

en altyd wéét ek seker  
hoe Hy ons lei en stuur  
in elke dag se daarwees  
in kleinste bangwees-uur

dus:  
soos 'n driehoek puntmaak  
en nes 'n oumens kind raak  
só wil ek my hele lewe lei:  
my dankies aan Hom toegewy

- Elizabeth Kendall



---

**WEEK 5: 11 - 17 APRIL**  
**JOHANNES 20:19-31**  
**SPYKERS WAT MERKE LOS**

---

**ONS ONTMOET MEKAAR**

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week. Wat het jou ook veral uit laas week se erediens en nadenke geraak?

**ONS ONTMOET GOD**

Steek 'n kers aan op die tafel en bid saam die gebed op bl. 3. Lees die gedeelte eers hardop saam en dan elkeen rustig op hulle eie tyd.

**ONS DEEL MET MEKAAR**

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie. Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar hoor.
- Hoe identifiseer jy met Tomas? Is daar tye wat jy ook al gevoel het maar jy soek bewysse dat die Here by jou is of dat dit Hy is wat met jou praat? Is dit okay om met tye te mag twyfel?
- Jesus sê vir Tomas, "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo". Tomas kry die geleentheid om sy vingers in Jesus se wonde te sit, om eerstehands te ervaar dat die spykers en kruisiging Sy lewe gekos het. Wat is dit wat jy verlang om te ervaar van die Here om jou geloof te versterk?
- Deel met mekaar 'n tyd wat jy ervaar het dat die Here teenwoordig was toe jy Hom baie nodig gehad het. Bemoedig mekaar ook hiermee.

**ONS BID SAAM**

Sluit af deur saam te bid. Kom ons vra die Here dat Hy ons geloof sal vertserk sodat ons nie sal twyfel nie. Dank God dat twyfel 'n normale deel van verhoudings is, selfs met Hom en vra Hom om ons te help om daardeur te werk.

## DOUBT

Today my name is Doubt.  
I doubt all that I can.  
I doubt my right to dream,  
and even my own name.

I doubt my faith in God,  
what He is all about.  
I doubt my own existence,  
I even doubt the doubt.

There's only one small thing  
that I don't doubt today,  
and that's the fact that sometimes,  
some doubting is OK.

- Liliana Kohann



---

**WEEK 6: 18 - 24 APRIL**  
**JOHANNES 21:15-19**  
**VOETE WAT VOLG**

---

**ONS ONTMOET MEKAAR**

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week. Wat het jou ook veral uit laas week se erediens en nadenke geraak?

**ONS ONTMOET GOD**

Steek 'n kers aan op die tafel en bid saam die gebed op bl. 3. Lees die gedeelte eers hardop saam en dan elkeen rustig op hulle eie tyd.

**ONS DEEL MET MEKAAR**

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie. Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar hoor.
- Jesus vra drie keer vir Petrus of hy hom liefhet. Hoe dink jy het dit Petrus maak voel? Hoe sou jy gevoel het as Jesus dit vir jou drie keer gevra het?
- Jesus vertel vir Petrus dat hy 'n pad gaan moet stap wat hy nie sou kies nie. So ook kan ek en jy ook nie ons toekoms bepaal nie, maak nie saak hoe goed ons beplan nie. Al wat ons kan doen is om die pad saam met die Here te stap en op Hom te vertrou. Vertrou jy altyd op die Here? Glo jy dat Hy vir jou die krag sal gee? Gesels hieroor.
- Jesus se laaste woorde aan Petrus is "Volg my". Dis wat die Here ook vandag vir ons sê. Ons is baie keer geneig om ons eie wil te volg. Hoe kan ons meer beheer oorgee en die Here vertrou en Hom volg?
- Raak nou weer stil voor die Here. Dink na oor alles wat Hy van jou vra. Sê vir Hom of dit vir jou maklik of moeilik is. Dink na oor alles (insluitend sy enigste Seun) wat Hy vir jou gee.

**ONS BID SAAM**

Sluit af deur saam te bid. Kom ons vra die Here dat Hy ons sal help om Hom op so manier lief te hê dat ons sal aanhou om Hom te volg waar Hy ons ookal mag lei. Mag ons aanhou om op Hom te vertrou en beheer aan Hom oor te gee.

## DAE VOL HERFS

Al matvoet die dae vol herfs,  
raak die blare se are verkalk  
en dwarrel op die kaal grond,  
al fluister wind in bome se ore  
en begin takke sug oor verlies  
waar 'n bries vlugtig daaraan raak,  
al is duiwe besig om hees te koer  
wanneer stilkoue veerbaadjies streef,  
al loop die son rooivoet oor rante,  
gloei my liefde vir jou  
steeds sag en ryp.

- Cas Vos